



Handleiding vir
belastingbesparings

NOVEMBER 2021

Weens 'n sukkelende ekonomie probeer al meer mense aan wyses dink waarop hulle geld kan bespaar. Een daarvan is om minder belasting te betaal. Hier is 'n paar wenke om jou te help om minder belasting te betaal.

Verdeel inkomste tussen gades

Een van die maklikste wyses waarop jy minder belasting kan betaal, is om die belasbare inkomste tussen gades te verdeel. 'n Gesin sal gesamentlik altyd minder belasting betaal as 'n man en vrou wat min of meer dieselfde inkomste in 'n jaar verdien, byvoorbeeld wanneer elkeen R400 000 verdien, teenoor een wat R800 000 verdien en die ander een niks nie. Die rede hiervoor is omdat elke party geen belasting op die eerste R87 000 betaal nie, en dan tot R216 200 teen 'n belastingkoers van slegs 18%. Die belastingkoers neem daarna ongeveer met elke bykomende R100 000 toe. As jy dus 'n huis of woonstel vir 'n bykomende inkomste wil koop, is dit belangrik dat jy dié eiendom eerder in jul albei se name te registreer om die huurwins só te verdeel. Alternatiewelik kan dit registreer word in die naam van die een wat die minste verdien. Julle moet dus jul albei se omstandighede en inkomste deeglik oorweeg. Normaalweg sou ek aanbeveel dat bykomende eiendomme (byvoorbeeld vakansiehuse) eerder in 'n trust geregistreer word, want dan kan die inkomste verder na kinders en kleinkinders verdeel word.

Kortings

Elke persoon jonger as 65 jaar geniet 'n rentekorting van R23 800, en persone wat 65 jaar en ouer is R34 500. Dit beteken dus dat 'n persone wat 65 jaar en ouer is en rente van R200 000 per jaar verdien R165 500 by sy/haar ander belasbare inkomste moet tel en dáárop belasting moet betaal. As julle binne gemeenskap van goedere getroud is of elk R100 000 se rente verdien, gaan elkeen slegs R65 500 by jul ander belasbare inkomste moet voeg en daarop belasting betaal – wat 'n besparing meebring. As jy kapitaalwins verdien, is die eerste R40 000 per jaar van belasting vrygestel. As eiendomme of aandele verkoop word en die partye binne gemeenskap getroud is, of as dié eiendomme of aandele in albei se name geregistreer is, is daar dus vir die gesin 'n R80 000- kapitaalwinstvrystelling. As 'n primêre woonhuis verkoop word, het die eienaar daarvan 'n R2 miljoen-vrystelling op kapitaalwins. Dit is 'n aansienlike voordeel en dus gevolglik belangrik om jou primêre woonhuis in jou eie naam te besit.

Eiendomaankope

Moenie primêre woonhuise of tweede eiendomme in 'n maatskappy koop nie. Die belastingkoers op maatskappye is net té hoog. Die maksimum belasting wat 'n individu op die verkoop van eiendom betaal, is 18%. Mense wat jaarliks meer as R1 665 000 verdien, betaal belasting teen 45%. Omdat 40% van kapitaalwins by ander belasbare inkomste gevoeg word, is die effektiewe belastingkoers 18% ($45\% \times 40\%$). 'n Maatskappy se effektiewe belastingkoers is 22,4%, want 80% van kapitaalwins is teen 28% belasbaar. Die ergste is boonop die dividendbelasting wat betaalbaar gaan wees as aandeelhouers hul opbrengs soek. As jy byvoorbeeld 'n huis in 'n maatskappy vir R1 miljoen koop en jy dié geld aan die maatskappy leen en 'n paar jaar later vir R2 miljoen verkoop, maak die maatskappy R1 miljoen wins. Die kapitaalwinstbelasting is dus R224 000. Die maatskappy kan jou R1 miljoen-lening belastingvry aan jou terugbetaal en dan bly R776 000 oor, wat as dividend aan die aandeelhouer verklaar moet word. Hierop is 'n verdere 20%-dividendbelasting betaalbaar. Die totale effektiewe belasting is dus R224 000 plus R155 200 – dus bykans 38%. Dit raak selfs meer as jy 'n verband gehad het wat reeds afbetaal is, want dan is die dividendbelasting meer.

Boedelbelasting

Daar is 20%-boedelbelasting van toepassing as jy meer as R3,5 miljoen nalaat aan ander partye as jou gade. As jou boedel dus R10 miljoen sterk is en jy alles aan jou gade nalaat, is geen boedelbelasting betaalbaar nie. Die probleem is egter dat jou gade ook eendag gaan sterf en as sy/haar boedel dan R10 miljoen sterk is, gaan boedelbelasting van 20% op R6,5 miljoen van toepassing wees. Jy sou egter in jou testament kon bepaal dat R3,5 miljoen na 'n trust gaan en die res na jou gade. Jy kan jou gade in dié trust dan as hoofbegunstigde benoem. Jou gade kan dan dieselfde in sy/haar testament doen en boedelbelasting op dié wyse verder verminder, naamlik slegs 20% op R3 miljoen plek van op R6,5 miljoen. As jy iets aan jou kind(ers) wil nalaat, moet julle dit sterk oorweeg om dit eerder aan die kind se trust na te laat, pleks van direk aan die kind. Die rede? Gestel jy laat R5 miljoen aan 'n kind na. Dié kind besluit om aandele of eiendom daarmee te koop, en besef dit maak sin om dit in sy/haar trust te koop. Hy/sy leen dus R5 miljoen aan die trust. Hy/sy gaan egter belasbare rente op die lening aan die trust verdien. Dit kon voorkom word as jy die erflating direk aan die kind se trust bemaak het.

'n Verdere voordeel wanneer 'n grootouer byvoorbeeld aan sy kleinkind(ers) se trust(s) nalaat, is dat enige inkomste en kapitaalwins wat deur dié erflating gegeneer word aan die kleinkind(ers) uitgekeer word. As 'n persoon self aan die trust leen, is die kind(ers) eers 'n inkomstebegunstigde(s) as hulle 18 jaar oud is. As die trust dus 'n erflating of lening van 'n grootouer ontvang en eiendom of aandele daarmee koop, kan daar uitkerings aan minderjariges gedoen word – selfs al is hul een jaar oud. As hul ouer(s) egter dié geld voorgeskiet het en hulle is jonger as 18 jaar, gaan hul ouer(s) op dié uitkerings belas word.

Ek wil dit ook aanbeveel dat jy jou gade of kind(ers) as eksekuteurs in hul testamente aanstel. Jou gade of kinders kan dan na prokureurs, rekenmeesters of boedeladministrateurs gaan en om 'n fooi vir die afhandeling van die boedel gaan beding. Die meeste mense se testamente is by die bank en hulle hef die volle voorgeskrewe 3,5%-eksekuteurskommissie, plus BTW – dus ongeveer 4%. As jy by jou afsterwe R1 miljoen se bates het, gaan jou boedel dus ongeveer R40 000 as eksekuteursfooi aan die bank betaal. Jou buurman wat R10 miljoen se bates het, gaan egter R400,000 betaal – dus tien keer meer betaal, terwyl die hoeveelheid werk tog dieselfde is. Jou gade of kind(ers) sal 'n veel laer fooi kan beding by 'n boedelpraktisyn waarvan hy die naam het. As die bank die eksekuteur is, korrespondeer jy met 'n persoon wat jy nooit eers gaan ontmoet nie!

Verskillende entiteite

Jy kan jou bates in jou eie naam koop, en/of in maatskappy of trust. Die voordeel van 'n tweede eiendom of aandele in 'n trust is dat die groei daarvan nie boedelbelasting gaan trek nie. As jy vandag R1 miljoen erf of 'n bonus ontvang en daarmee aandele deur jou trust koop, is toekomstige groei daarvan nie meer in jou boedel nie. As jy dus R1 miljoen aan jou trust leen en jare later is dié aandele R10 miljoen werd, word boedelbelasting net op die ander bates op jou eie naam bereken.

Daar is 'n verdere voordeel as jy huurinkomste van eiendom in 'n trust verdien. Sodra 'n kind 18 jaar oud word, kan jy 'n uitkering aan dié kind maak. As jou kind gaan studeer en jy betaal die studies of help met 'n voertuig, gaan jy geen aftrekking kry nie. As die trust dit egter uitkeer, gaan jou kind nie belasting op sy/haar eerste R87 000 van inkomste betaal nie. Dieselfde beginsel geld as die trust aandele verkoop en kapitaalwins verdien. As die trust byvoorbeeld R240 000 kapitaalwins verdien en dit na jou kind uitkeer, is daar geen belasting as jou kind geen ander

inkomste verdien nie. Jou kind gebruik sy/haar jaarlikse R40 000-kapitaalwinstvrystelling, en 40% van die orige R200 000 moet by sy/haar ander belasbare inkomste gevoeg word (dit wil sê R80 000). As jou kind geen ander belasbare inkomste het nie, gaan hy/sy geen belasting betaal nie, want die eerste R87 000 is van belasting vrygestel. As jou kind jonger as 18 jaar is, kan jy nie hierdie vrystelling gebruik as jy die trust befonds het nie, maar wel as die eiendom befonds is deur 'n lening of skenking van 'n grootouer. Dit is nog voordeliger as die grootouer dié erflating aan jou trust gemaak het, soos vroeër genoem.

Salaristrekkers en onafhanklike kontrakteurs (kommissieverdieners)

Mense wat salarisse verdien en reistoelaes ontvang, ontsien ongelukkig dikwels die moeite om 'n behoorlike ritboek van hul reise by te hou en verbeur só die geleentheid om belasting te bespaar. Geen ritboek in 'n jaar behoort jou meer as drie ure te neem om op te stel nie. Ongelukkig besluit te veel mense om nie die moeite te doen nie. Dit kos hulle dikwels aan belasting wat hul moet inbetaal, of wat hul kon terugkry. As jy wel 'n ritboek byhou, is dit belangrik om daaglik 'n aanvangskilometerlesing aan te dui, asook watter deel sakeverwant is. Jy moet ook aandui wie en waar die kliënt is.

Onafhanklike kontrakteurs en kommissieverdieners kan vir werkverwante uitgawes eis, soos kostes vir internettoegang, selfoonoproepe, onthaal, skryfbehoeftes, sagteware, geheuestokkies, drukkersink en waardevermindering op rekenaars en drukkers. Kommissieverdieners en onafhanklike kontrakteurs kan enige uitgawe in die voortbrenging van inkomste aftrek. In dié geval is dit belangrik om baie kreatief te dink oor wat alles as aftrekbare uitgawes in die voortbrenging van inkomste beskou kan word. As jy byvoorbeeld na 'n ete genooi word, neem jy gewoonlik 'n bos blomme, bottel wyn of sjokolade saam. Dit kan as 'n onthaaluitgawe beskou word, want jou doel is tog om mense te ontmoet en te vertel wat jou werk behels. Mense wat daar hoor dat jy sekere dienste bied of produkte lewer, kan jou selfs begin gebruik of jou by hul vriende aanbeveel. Só verdien jy 'n inkomste.

Huurinkomste en -uitgawes

As jy eiendom verhuur, kan jy die volgende uitgawes van belasting terugeis:

- rente op jou verband
- munisipale uitgawes en heffings
- verhuringsagentkommissie
- versekering op die gebou
- versekering op die inhoud (as jy dit gemeubileerd verhuur)
- herstelwerk (uitgawes op verbetering is nie aftrekbaar, slegs teen kapitaalwinst met verkoop; as jy egter sekere bates installeer, byvoorbeeld lugverkoeling of 'n alarmstelsel, kan jy waardevermindering daarop eis)
- bankfooie wat op die eiendom betrekking het (fooie ten opsigte van verbandbetalings, herstelwerk, en dies meer)
- rekenmeestersfooie
- reiskostes weens inspeksies.

As jou huurinkomste minder is as die vorige belastingjaar en die SAID versoek stawende dokumentasie, is dit belangrik om 'n brief of nota by te voeg oor waarom die huurinkomste minder is. 'n Voorbeeld is dat jou vorige huurder uitgetrek het en dat dit jou drie maande geneem

het om 'n nuwe huurder te kry. As jou huurder kennis gee dat hulle byvoorbeeld einde Junie gaan uittrek, en jy besluit om herstelwerk of aanbouings in Julie en Augustus te doen en daarna (vanaf 1 September) nuwe huurders in te neem, ag die SAID enige munisipale heffings, versekering en herstelwerk vir Julie en Augustus as kapitaal van aard. Dit kan by verkoop in ag geneem word om kapitaalwins te verminder. Die SAID versoek dikwels huurkontrakte. 'n Moontlike oplossing is dus om die werk te doen terwyl jy nog 'n huurder het.

Kapitaalwinsuitgawes op verkoop van eiendom

Kapitaalwins met verkoop van eiendom behels die verkoopprijs, minus die –

1. fooi van die eiendomsagent;
2. die oorspronklike kosprys (wat regs-koste van die prokureur met aankoop insluit, asook die hereregte);
3. verbeteringe (dus aanbouings, nuwe plantaankope en dies meer);
4. verkoopsonkoste soos elektrisiteit-, plaag- en gassertifikaat kostes; en
5. uitgangsheffings wat betaalbaar mag wees as jy in 'n landgoed woon.

Bydraes tot uittreeannuïteite

As jy 'n bykomende inkomste verdien of self in diens is kan jou bydraes tot uittreeannuïteite aftrekbaar wees tot 27,5% van jou belasbare inkomste (beperk tot R350 000 per jaar). Mense wat vir hulself werk, is dikwels geneig om nie voldoende vir aftrede voorsiening te maak nie. Die bydraes is nie net aftrekbaar nie, maar het ook die voordeel dat jy op dié wyse voorsiening vir jou aftrede maak.

Art. 18A-skenkings is belastingaftrekbaar

As jy 'n skenking aan 'n instansie maak, doen jy dit om 'n bydrae te maak tot 'n saak wat na aan jou hart is. Dit is egter ook belangrik om te vra of dié instansie geregistreerd is en art. 18A-sertifikaat mag uitreik. In so 'n geval is dié bydraes ook belastingaftrekbaar.

Mediese uitgawes

Dit is belangrik om behoorlik boek te hou van jou mediese uitgawes. Dit is ook raadsaam om alle mediese uitgawes wat nie deur jou mediese skema gedek word nie tog by jou skema in te dien. Dié onbetaalde eise word dan op die einde van die betrokke belastingjaar op die belastingcertifikaat aangedui wat die skema aan jou stuur. Só maak jy dit makliker om daarvoor te eis.

As jy 65 jaar en ouer is, kan jy 'n groter persentasie van jou mediese uitgawes terugeis, asook as jy bydra tot 'n gade of kind(ers) wat gestremd is. As een van jou afhanklikes as gestremd geklassifiseer word, moet jy vorm ITR-DD deur 'n geregistreerde mediese persoon laat voltooi. Onthou: Dis nie net 'n algemene praktisyn se rekeninge wat belastingaftrekbaar is nie, maar alle medici wat by die mediese raad geregistreer is, soos fisioterapeute, sielkundiges en arbeidsterapeute, maar ook tuisversorgers wat omsien na verswakte bejaardes en ander pasiënte wat hulp benodig. Let wel: 'n Ouethuis se fooie is nie aftrekbaar, maar wel fooie vir die afdeling vir verswakte bejaardes (siekkeboeg).

Tuiskantooruitgawes

As jy van die huis af werk, kan jy ook vir sekere uitgawes eis. Jy gaan 'n brief van jou werkgever benodig wat bevestig dat daar van jou verwag word om van die huis af te werk. Dié tuiskantoor is 'n area wat spesifiek en uitsluitlik ingerig moet wees vir werkverwante pligte. Dit kan dus nie 'n vertrek wees waarin daar eenkant 'n bed vir gaste staan nie. As jy daaglik 5 tot 6 ure op die pad bestee, is jy nie op dié aftrekking geregtig nie, want jy bestee minder as helfte van jou werksdag in dié tuiskantoor. Die eis is proporsioneel tot die grootte van die woning teenoor die werksarea. Die uitgawes waarvoor jy kan eis, is huur (of rente op verband as jy die eienaar is), munisipale uitgawes, versekering op die gebou en inhoud, herstelwerk, skoonmaak- en tuindienste. Jy kan ook vir waardevermindering op toerusting, lessenaar, stoel en drukker eis. Enigiemand wat rente bó die vrystellingsperk en/of kommissie verdien of self inkomste genereer, kan rekenmeestersfooie aftrek.

Persone wat in die buiteland werk

Indien jy in die buiteland werk, moet jy verkieslik met 'n belastingpraktisyn gesels, want in sekere gevalle is jou buitelandse verdienste ten volle van belasting in Suid-Afrika vrygestel; in ander gevalle net gedeeltelik of net tot R1 250 000. Dit alles hang af van waar jy werk, vir wie jy werk en of die land waarin jy werk 'n dubbelbelastingooreenkoms met Suid-Afrika het. As jy byvoorbeeld in die Verenigde Arabiese Emirate werk, kan jy ten volle kwytgeskeld wees, maar nie as jy in Saoedi-Arabië werk nie. As jy op skepe en olieboere werk, geld daar weer 'n ander stel reëls. As jy buitelandse burgerskap het, is dit onwaarskynlik dat jy in Suid-Afrika belasting op buitelandse inkomste sal moet betaal, aangesien dit blyk dat jou bedoeling nie is om na Suid-Afrika terug te keer nie. Mense wie se gades nog in Suid-Afrika woon, sal moeilik kan bewys dat hul bedoeling is om nie na Suid-Afrika terug te keer nie.

Voorlopige belastingbetalers

Dit is belangrik dat jy enige voorlopige belasting stiptelik betaal, naamlik op die laaste werksdag van Augustus (eerste datum vir voorlopige belasting) en Februarie (tweede datum vir voorlopige belasting). Let wel: As 31 Augustus byvoorbeeld op 'n Sondag val, moet jou betaling dus op Vrydag 29 Augustus gemaak word om boetes te vermy. As jy belasbare inkomste van meer as R1 miljoen verdien, kan jy nie bloot jou voorlopige belasting op die vorige jaar baseer nie: Jy moet 'n behoorlike berekening van jou geskatte inkomste maak om boetes te vermy.

Jy is welkom om my te kontak as jy enige belastingvrae het:

Fanus Jonck

Belastingkonsultant

E-pos: (tax@jonck.net)